Gereformeerde Kerk Pretoria-Brooklyn
16 Augustus 2015

Lees binne:

- Datums vir 2016
- Toerusting
- Tema opsommings
- Ons finansies
- Biltongfees
- Nagmaalete 23 Augustus
- Vriesgeriewe benodig

Uit Hom, deur Hom en tot Hom

Baie welkom

Mag jy hier geestelik tuis kom en saam met ons groei in die geloof

Oggenddiens

Die uitverkore volk

Chris de Beer

Het jy al ooit gewonder hoekom God vir Hom 'n volk gekies het en wat dit vir ons beteken? Vandag gaan ons uitvind.

Aanddiens

Jesus dink buite die boks

Paul Grobler

Is jy kreatief? Dink jy buite die boks? Dalk is jou antwoord ja, dalk nee, dalk wonder jy van watter boks ons praat. Wanneer ons dink aan Jesus dink ons nie noodwendig aan die feit dat Hy kreatief is nie. Ja, God is skepper en daarom is Hy skeppend of kreatief, maar as Jesus God vir ons sigbaar maak, is Jesus mos ook kreatief. In die bergpredikasie wys Jesus ons hoe maklik Hy buite die boks van tradisie, geskiedenis en ons begeertes dink. Ons skep bokse en plaas Hom daarin, maar Hy dink en werk buite die boks wanneer Hy sê: "Maar Ek sê vir julle …" Mag Hy ons dan ook leer om buite ons mensgemaakte boksies te dink en te werk.

Residentia-Sunnyside

Nagmaalviering

Ds Fanus Heystek

In 1 Korintiërs 11 vind ons:

- Jesus se opdrag asook die vrug by die uitvoering daarvan;
- 'n waarskuwing;
- hoe die oordeel voorkom kan word asook die heerlike vrugte daarop.

Eredienste:

Duxbury: 09:30
Chris de Beer
Skriflesing:
Efesiërs 1:3-14
Sang:
Ps 149b:1, 2
Sk 1-1:1, 5
Sk 1-1:2, 7
Sk 1-2:1, 2, 3
Sk 13-3 Amen

Duxbury: 18:30
Paul Grobler
Skriflesing:
Matteus 5:17-48
Sang:
Sang soos deur Philip
Psalm 118b:1, 4, 6, 7
Sk 18-6:1-5 (Ek sien 'n nuwe hemel kom)

Residentia-Sunnyside
09:30 (Araratsaal)
Ds Fanus Heystek
Skriflesing:
1 Korintiërs 11:23-32
Voorsang: Sk 5-4, Lb 380, Sk 5-1, Lb 280
Liedere: Ps 116, Lb 387, Lb 514, Sk 12-6

Sondag:
Jeug-kleingroepe
Maandag:
19:00 Dissipelskapkafee
Dinsdag:
08:30 Predikante-toerusting
18:30 Storielyn-bediening in die lapa

Woensdag:
18:00 Diakonie
19:00 Kerkraad

Jaarprogram 2016

Al die diensgroepleiers word gevra om die datums van aktiwiteite vir 2016 voor of op 1 September aan Rentia deur te gee.

Gelukwense

Gelukkig is dié mense wat op die Here vertrou en hulle verwagting in Hom stel (Jeremia 17:7).

17/8	Linda	Erasmus	012 333 5346
17/8	Flo	Mennega	012 341 0499
17/8	Elsa	Schaffner	082 564 1090
18/8	Ruani	Breytenbach	083 660 7851
18/8	Andre	Labuschagne	079 988 9469
18/8	Yolani	Steenekamp	083 338 0190
18/8	Kobie	Venter	082 459 5982
19/8	Philip	Coetzer	082 787 2881
19/8	André	Pienaar	072 184 2251
19/8	Peet	v.d. Schyff	012 348 2467
19/8	Karin	Venter	082 459 0079
20/8	Louis	Kruger	083 375 4991
20/8	Mitze	Scheepers	082 376 9182
20/8	Sanette	Schreurs	012 460 0165
20/8	Nilo	Thiart	012 332 3631
20/8	Annemarie	v.d. Westhuizen	082 774 4163
21/8	Merina	Willemse	072 784 0088
22/8	Lizanie	Coetsee	078 341 9334
22/8	Lize	v.d. Walt	012 348 8210
22/8	Gerda	Venter	072 316 8127

Ter approbasie

As diaken: Hannes van Wyk

Naasteliefde

Die Diensgroep vir Siekes van Brooklyn-gemeente wil graag oud en jonk, met enige ongesteldheid of siekte, pyn of ongeluk bystaan met ’n besoek aan huis of hospitaal, telefoonoproep of sms. Ons dra graag ons siek mense op aan die Here en ons gemeente. Stel ons in kennis stel sodat ons ons onderneming gestand kan doen. Kontak **Bets Engelmohr** by 082 320 9133, **Anita Cilliers** by 082 928 0767 of **Elzabe Barnard** by 072 546 4612. Kontak gerus een van die predikante vir meer sensitiewe persoonlike sake.

Voorbidding

Ernstige voorbidding word gevra vir tannie **Ester Cordier** (072 463 9844) van Residentia en haar familie. Haar seun is Woensdagoggend as vermis aangemeld.

Vriesgeriewe

Daar word dringend gesoek na vriesgeriewe vir biltong. Kontak Fanie (083 446 6096), Wina (082 859 5216)of Jaco (082 491 6204).

Voorbidding: Sentraal-Afrikaanse Republiek

Opponerende militantegroepe het op 10 Mei ’n vredesverdrag in die SAR geteken in ’n poging om ’n einde te maak aan die tweejaarlange konflik. Die kerk was betrokke gewees in hierdie samesprekinge; loof die Here hiervoor! Bid dat die Here sal voortgaan om hul pogings te seën en om aan hulle wysheid te gee.

VERSOEK
AAN LIDMATE
om ons gemeente se finansiële posisie te verbeter

AGTERUITGANG

Die Gereformeerde Kerk Brooklyn se finansiële posisie gaan agteruit. Alle lidmate se gebede en hulp word gevra om dit reg te stel.

Die finansiële jaarstate van Februarie 2015 toon ná eenmalige besparings steeds 'n **netto tekort van R96 895** teenoor die vorige jaar se netto surplus van R284 684.

Die afname in kerklike bydraes in die eerste vier maande sedert Februarie 2015 toon 'n voortsetting van die negatiewe tendens. Dit impliseer 'n veel **groter tekort** teen die einde van die boekjaar in Februarie 2016.

SLEGS R3 000 Waar daar in vorige jare voor Augustusmaand reeds stewige bydraes vir die Augustus-dankoffer ontvang is, is slegs R3 000 tot op datum ontvang.

VRYMOEDIGHEID

Die kerkraad neem die vrymoedigheid om met verootmoediging en in dankbaarheid teenoor die Here die volgende te versoek:

- dat alle lidmate hul kerklike bydraes gereeld en biddend sal betaal en waar moontlik sal verhoog;
- dat die Augustus-dankoffer en die Biltongfees as 'n gesamentlike dankbaarheidsfees bevorder sal word

ONDERNEMING

Die kerkraad onderneem om die volgende te doen:

- gereeld aan die kerkraad en gemeente verslag oor finansiële sake te doen;
- **KVA** hierdie voorstelle te verfyn deurdat die KVA verdere ondersoek hieroor doen.

U word vriendelik gevra om in hierdie saak met u gebede en bydraes behulpsaam te wees.

TOERUSTING VIR GROEPE EN GESINNE

WEEKTEMA

DANKBAAR IN ALLE OMSTANDIGHEDE

TEKS

1 TESSALONISENSE 5:12–28

LEES AS GROEP OF GESIN SAAM DEUR

1 Tessalonisense 5:12-28 (Klem op vers 18).

WAT IN DIE GEDEELTE STAAN VIR JOU UIT? Dit kan gedagtes, woorde of 'n vers wees wat vir jou uitstaan. Deel dit met mekaar, maar moenie dit te veel bespreek nie. Luister na mekaar.

WATTER VRAE KOM VIR JOU NA VORE UIT DIE TEKS?

Vrae wat begin met wie, wat, waar, wanneer, hoekom, ens. is goed om te vra.

Probeer om vrae met 'n ja- of nee-antwoord te vermy.

Hier is 'n paar vrae wat spesifiek kan help met die gedeelte:

a. Wat is die sentrale gedagte van 1 Tessalonisense 5:12-28 (Klem op vers 18)?

b. Wanneer jy dink oor die afgelope week, waaroor is jy dankbaar ?

c. Wat het die afgelope maand gebeur wat dit moeilik gemaak het om dankbaar te wees?

d. Hoe sou 'n mens dankbaar kon wees in alle omstandighede?

e. Wat in die week wat kom, gaan dit moeilik maak om dankbaar te bly?

NADAT JULLE DIE GEDEELTE KLAAR GELEES EN BESPREEK HET, WAT KAN JULLE PRAKTIES GAAN DOEN?

Vra mekaar twee vrae:

1. Wat is die moontlike toepassing van die teks? Hoe help die teks in die algemeen mense om Jesus te volg, God te eer, mekaar te dien en om ander mense dissipels van Jesus te maak?
2. Wat wil God hê ek moet hierdie week gaan doen? Maak dit persoonlik deur te begin met "Ek dink God wil hê ek moet ..." Hoe help hierdie teks jou persoonlik om God te eer, ander te dien en om ander mense dissipels van Jesus te maak?

BID AS GESIN OF GROEP SAAM VIR DIE VOLGENDE:

- Bid vir spesifieke behoeftes binne die groep of gesin. Vra mekaar oor gebedsversoeke. Vra vir God wysheid oor hoe om spesifieke situasies te hanteer.
- Bid vir gemeentelede en vir jou familie. Vra dat God verheerlik sal word deurdat ons mekaar dien en getrou sal wees in ons volg van Jesus.
  Bid vir mense in die gemeenskap en oor die wêreld. Bid vir mense by die werk, skool, universiteit, ens. Bid dat God se liefde en genade vir hulle duidelik sal word deurdat ons dit getrou aan hulle sal uitleef. Bid dat God ons oë sal oopmaak om hulle te sien soos Hy hulle sien en dat ons hulle so lief sal hê soos wat Hy hulle lief het.

PROBEER MEKAAR DIE GELEENTHEID GEE OM SAAM TE BID.

GEE AAN ELKEEN DIE KANS OM VIR NET EEN VAN DIE BOGENOEMDES TE BID.

Psalmfees en huldeblyk aan prof. T.T. Cloete

Kom deel in lof en aanbidding met die sing van psalms. Kom dink saam met ons terug aan die wonderlike digterlike kuns van die 150 psalms vir die Liedboek van die Kerk en die Psalmboek wat hy in samewerking met die Psalmkommissie omgedig het. Ons gaan van die bekende psalms lekker saam sing en luister na 'n paar voordragte. Kom deel in die fees van psalmsing en sing jou gunstelingpsalms saam met ons! Ds. Andries Combrink tree op as die programleier en Riaan Vorster begelei die samesang.

Die voordrag word deur 'n bekende dramaturg en akteur gedoen.

30 Augustus 2015 om 16:00
in die Agni Dei Kapel, Centurion.
(Alettastraat 186, Raslouw, Centurion)

Toegang: 'n donasie/sagte kollekte by die deur.

Ons Huis Tehuis vir Bejaardes Fondsinsamelingsfunksie

Lentetee op 29 Augustus 2015
09:30 Kaartjies R50
NG Kerk Ontdekkerskruin, Phillipsstraat, Florida.
Ten bate van Ons Huis Tehuis vir Bejaardes.
Skakel Marita van den Berg of Irene Havenga by 011 672 5018 Vir tafelbesprekings.

Dis byna lente ...

Aan al ons Senior Lidmate, hou solank Vrydag 11 September oop!
Meer besonderhede volg binnekort.
Agapé-groete

Biltong en droë wors

Daar is biltong en droë wors beskikbaar teen R50 en R100 per pakkie.
Kry dit Sondag ná kerk of kontak Fanie (083 446 6096), Wina (082 859 5216), Jaco (082 491 6204), Elfrieda (072 179 5847), Annalie (082 879 6654), Danie (083 952 4764), Harm (082 376 0527), Bets (082 320 9133), Frikkie (073 733 0799) of Henk (082 926 0708).

Nagmaal

Ons herinner lidmate dat nagmaal DV op Sondag 23 Augustus tydens albei eredienste gevier sal word.

Nagmaalete: 23 Augustus

Agapé-diensgroep nooi almal uit om op Sondag 23 Augustus ná die oggend-nagmaalviering saam te eet en kuier. Bring asb. 'n eenskottel-gereg en slaai wat ons op 'n gesmeenskaplike tafel gaan sit. Agapé sal sorg vir die nagereg! Bring asb. ook eie eetgerei, glase en drinkgoed. Hoop ons sien julle daar!

What is climate change?

- Earth is getting much warmer, much faster and scientists know that it's a result of man-made - anthropogenic - not natural cause

Department of Environmental Affairs
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

- Even though our planet, which is about 4,6 billion years old, has gone through its fair share of climate changes, humans have not experienced temperature spikes over such a short a period, as we've seen in the last few decades.

- Human beings, all six billion of us, are putting heat-trapping gases, mostly carbon dioxide, at huge rates into the atmosphere by burning fossil fuels.

FACTS 1

Kerkgeskiedenis

'n Kykie na die geskiedenis van die Gerformeerde Kerk Pretoria-Brooklyn wat binnekort in 'n gedrukte weergawe beskikbaaar sal wees:

"Omdat die stad so vinnig in 'n oostelike rigting gegroei het, word daar in Junie 1947 'n versoek gerig dat moontlike afstigting van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos ondersoek moet word. In Mei 1948 word afstigting by die klassis aanbeveel en magtiging word bekom om grond aan te koop. Die bedrag van £2 500 word by afstigting aan die nuwe gemeente, Pretoria-Brooklyn, vir hierdie doel beskikbaar gestel. Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Brooklyn stig op 23 Februarie 1949 onder leiding van dr PJS de Klerk af van Pretoria-Oos."



Sustersaamtrek 1995
Gereformeerde Kerk
Pretoria-Brooklyn
Posbus 11168 Brooklyn 0011

1 Desember 1994

Geagte Susters

Die susters van Pretoria-Brooklyn nooi u hartlik uit na die jaarlikse Saamtrek van Gereformeerde Susters.

Tema : "Vroue gebeitel na die bountyl van 'n paleis - leer ons om die lewenaled tot u eer te sing."
Sprekers : Dr Salomé Combrink en dr Leona Venter
Datum : 11 Maart 1995
Tyd : Kom geniet saam onthyt tussen 8:00 en 9:00. Die amptelike opening is om 9:00.
Plek : Ned. Geref. Kerk Universiteitsoord Duxburyweg 105 Hillcrest (Padkaart aangeheg)
Koste : R30 per persoon

Vul asseblief meegaande inskrywingsvorm in en pos die geld nie later nie as 8 Februarie 1995.

Vir verdere navrae kan u die volgende persone skakel:

Susan le Roux (Kerkkantoor) Tel. (012) 43-2506
Cecile Kingma Tel. (012) 43-4351
Alta Schulze Tel. (012) 43-4605

Ons sien daarna uit om u by ons te ontvang.

Voorsitter

Babs Smit

Cecile Kingma

26 tot 29 Augustus 2015

Geestelike gesprek:
Praat die kerk te veel oor haarself?
Wanneer: Vrydag 28 Augustus
Sprekers: Lindie Strydom en Jaco Strydom
Tema: Praat die kerk te veel oor haarself?
Plek: Citadel **Tyd**: 10:00-11:00
Koste: R50

Daar word met opwinding uitgesien na die eerste BoekeJol en FilmRol-fees wat vanaf 26 tot 29 Augustus in Pretoria aangebied sal word. 'n Verskeidenheid skrywers van Suid-Afrika sal deel vorm van 'n propvol en kultuurbelaaide program. "Die BoekeJol en FilmRol-fees wil waardering kweek vir die krag van woorde in Afrikaans en 'n kultuur van lees en visuele waardering by jonk en oud ontwikkel," so vertel Dia van Staden, aanbieder van die BoekeJol.
Die BoekeJol bied 'n geleentheid vir Afrikaanse kultuurvrate om hul lekkerkry-tande diep in hul gunstelingboeke, -skrywers en -films te slaan. Elkeen wat nog altyd wou deelneem aan 'n gesprek met skrywers, kuiertyd saam met 'n bekende digter, ete en gesels met hul geliefde persoonlikhede sal 26 tot 29 Augustus in hul dagboeke moet omkring. Daar word beoog om die BoekeJol en FilmRol 'n jaarlikse instelling te maak.
http://www.boekejol.co.za/

What is climate change?

- Think about the growing number of cars we have on our roads, factories to meet our consumerist demands, airplanes in our skies and the coal being burnt to generate electricity. These emissions are called greenhouse gases.

- Greenhouses gases are mostly carbon dioxide, but include others. There are actually four greenhouse gases (GHG) including carbon dioxide, methane, nitrous oxide and sulphur hexafluoride as well as two other groups of gases called hydrofluorocarbons and perfluorocarbons.

FACTS 2

Tot alles in staat?

Psalm 117

Die langste hoofstuk in die Bybel is Psalm 119. Die middelste hoofstuk in die Bybel is Psalm 118.
Die kortste hoofstuk in die Bybel is Psalm 117:

[1] Prys die Here, alle nasies,
loof Hom, alle volke,
[2] want sy liefde vir ons is sterk,
aan die trou van die Here
is daar geen einde nie!
Prys die Here!

Hierdie psalm is baie eenvoudig saamgestel. Dit bestaan net uit twee verse. Dit begin in die ou Hebreeus met *Halleluja* en eindig ook weer daarmee. Die hele psalm word met ander woorde in sy geheel met die woord *Halleluja* omarm. In ons Afrikaanse Bybels word die woord *Halleluja* vertaal met "Prys die Here"!
Vers 1 gee 'n dubbele opdrag:

- prys die Here;
- loof Hom.

Vers 2 gee 'n dubbele rede waarom Hy geprys en geloof moet word:

- want sy liefde vir ons is sterk (geweldig - 1933/53-vertaling);
- aan die trou van die Here is daar geen einde nie.

Om te loof en te prys word gewoonlik saam genoem en gedoen. Ons praat van lofprysing (Engels: praise and worship). Lofprysing lei ons gedagtes geheel en al van onsself af weg, en laat ons net op God fokus – spesifiek op wie Hy is! Dit skuif ons eie lewe met al ons aardse worstelinge totaal op die agtergrond en laat ons net op die Here God fokus. Dit laat ons al hoe meer besef dat die liefde van ons Here vir ons geweldig is – so geweldig groot dat Hy sy Seun vir ons gegee het om ons Syne te kon maak. Dit laat ons ook al hoe meer besef dat die trou van ons Here tot in ewigheid duur – anders as die onbetroubaarheid van die mens kan en moet ons Hom volkome op sy Woord neem.
Wat 'n voorreg om ons Here te mag loof en prys.

Halleluja!

God se waspoeier

Markus 7:1-23; Sagaria 3:1-4

1. Die vlek op die mens (Markus 7)

Die Jode het baie reinigingswette gehad. Daar was soveel dinge wat hulle onrein kon maak, byvoorbeeld om die verkeerde vleis te eet, sekere siektes of om aan 'n dooie dier of mens te raak. Dit het vir die Jode aangedui dat hulle geestelik en moreel vuil was en daarom moes hulle hulleself konstant reinig.

Toe Jesus op die toneel verskyn, maak Hy 'n radikale stelling. In vers 19 staan daar: "Daarmee het Hy alle kos rein verklaar …" Vir die Jode het dit 'n ingrypende implikasie gehad. Jesus sê inderwaarheid vir hulle dat dit nie meer nodig is om al die reinigingswette te onderhou nie, want dit het tot vervulling gekom.
Hulle het seker gewonder: hoe kan dit tog wees? Die antwoord lê by God se waspoeier.

2. God se skoonmaakmiddel (Sagaria 3)

In die eerste vers van hoofstuk 3 word Sagaria in 'n visioen geneem na die middel van die tempel. En dan skryf hy: "Ek het die hoëpriester Jesua voor die engel van die Here sien staan." Sagaria het 'n visioen ervaar in die Allerheiligste terwyl Jesua voor die engel van die Here staan. Wat skokkend was, was dat Jesua, die hoëpriester, vuil was! Hy was onrein! Sagaria kon waarskynlik sy oë nie glo nie. Die volk sou hom hoegenaamd nie toelaat om so voor God te verskyn nie.
God was besig om vir Sagaria 'n profetiese visioen te gee sodat hy kon sien hoe lyk die mens voor God. Ten spyte van al ons moeite om rein, skoon en goed te wees, sien God ons harte en wat daar aangaan. Hy sien hoe vol sonde en vuil ons is. Net voor Sagaria in verdriet neersak, hoor hy die volgende woorde: "Trek uit dié liederlike vuil klere van hom." En dan sê hy vir Jesua:

> ***Ek het jou oortredings vergewe en Ek gaan vir jou skoon klere aantrek … Ek gaan my dienaar Loot nou bring … en Ek gaan die sonde van hierdie land op een enkele dag wegneem.***

en ons straf gedra, sodat ons, soos Jesua nuwe klere kan aantrek. God het dié wat in Hom glo rein gemaak en duur skoon klere vir ons aangetrek (kyk Openbaring 19:7-8).
Dit het Jesus se bloed gekos, God se waspoeier, om die vlek in ons harte skoon te maak.

BILTONG FEES & AUGUSTUS-DANKOFFER

GASHERE EN GASVROUE

Die organiseerders nooi elkeen uit om as gasheer en gasvrou tafels vir groot groepe, klein groepe, enkelinge, vreemdelinge, vriende van ver en naby te bespreek en die fees te kom bywoon.

Die gasvrou of gasheer is vir die volgende verantwoordelik:

- servette, kleinbordjies en messe;
- drinkgoed en glase vir wyn of koeldrank of albei;
- enige eenvoudige versiering as jy wil (onthou, dit is baie informeel) - miskien liewer nie kerse nie – die druppende was, jy weet!
- 'n bykos as jy so voel; dit kan sake dalk makliker maak indien jy jou eie broodjie en botter/kaas op die tafel plaas hoewel daar op die biltongtafel ook sal wees;
- tafelnommers sal so gou moontlik beskikbaar wees sodra ons weet hoeveel mense kom;

die nommers sal by die deur van die saal geplaas word om dit vir jou gaste duidelik te maak waar hulle moet sit.

BETALINGS

Rekeningnaam:
Diensgroep Projekte
ABSA- tjekrekening:
40-7921-5606

Jy word vriendelik versoek om die geld teen 20 Augustus in te betaal. Meld jou naam asb. duidelik.

TAFELS

Ons voorsien tafels, kleiner en groter, rond of reghoekig met tafeldoeke ('n oorgooilappie of *overlay* is opsioneel)

Reël met organiseerders vir gedekte tafels indien jy nie self 'n tafel wil dek nie

Daar sal ook 'n gemeentetafel/s wees vir mense wat enkel- of twee kaartjies wil koop

SPYSKAART

Op die spyskaart is baie, baie biltong, brood en botter, kaas en konfyt, vrolike musiek, wat die gasvrou/heer verder ook al wil byvoeg op die tafel en baie en lekker kuier!

ORGANISEERDERS

Fanie (083 446 6096), Wina (082 859 5216), Jaco (082 491 6204), Elfrieda (072 179 5847), Annalie (082 879 6654), Danie (083 952 4764), Harm (082 376 0527), Bets (082 320 9133), Frikkie (073 733 0799), of Henk (082 926 0708).

BOKKE–BEESTE-BILTONG

Ons rig weer 'n vriendelike en dringende versoek aan alle jagters en ook mense met familie of vriende wat jag om wildsbokke te skenk.

Ons vra almal wat wil help om biltong op te hang om op Donderdag 6 Augustus om 8:00 om by die kerk bymekaar te kom!

VRYDAG 28 AUGUSTUS	**ST MARY'S DSG DUXBURYWEG**	**18:30 VIR 19:00**	**KAARTJIES R120 VOLWASSENES R80 KINDERS VOORSKOOLSE KINDERS GRATIS**

God as middelpunt

***Om by die Here te skuil, is beter as om op mense te vertrou* (Psalm 118:8).**

Sommige mense sê dat Psalm 118 die middelste hoofstuk van die Bybel is. Die eintlike vraag wat Psalm 118 na vore bring, is: Is God die middelpunt van jou lewe?

Baie mense verwerp Jesus as die hoeksteen, terwyl Hy eintlik die belangrikste plek in ons lewe behoort te neem. Hy is immers God se goeie nuus in elke deel van ons lewe. Wanneer jy raaksien dat God jou middelpunt is, kan jy rustig by Hom skuil eerder as om op mense te vertrou. En dit is die middelste vers van die Skrif.

What is climate change ?

- When these greenhouse gases get trapped in the atmosphere, they cause the temperatures all over the world to change and to increase.
- The result is that we'll see more severe weather patterns, which will have devastating effects on our planet. This will have devastating consequences for us. The harsher weather conditions will include more flooding, forest fires, hurricanes, droughts and the resulting loss of habitat, change in migration patterns and eventually loss of species.

FACTS 3

PIK 'N WYNTJIEFEES 2015

Wyn, kos, musiek, stalletjies en kindervermaak alles by die tweede PIK 'N WYNTJIEFEES 2015

Datum: Saterdag 29 Augustus 2015
Tyd: 12:00 – 18:00
Terrein: Gereformeerde Kerk Wapadrant, Faerie Glen (25◦48`10"S 28◦19"34"E)
Kaartjies: R85.00 per persoon
Bespreek by www.ticketpro.co.za
Parkering met toesig op die terrein: R10.00 per motor
Finansiële bydraes baie welkom: ABSA BANK
Rekeninghouer: President Kruger Tehuis, Vriendekring
Takkode: 335-245
Rekeningnommer: 1430650099
Verwysing: Pik 'n Wyntjiefees
Vir verdere navrae kontak:
Marianna du Plessis,
Voorsitter van die Vriendekring, Pretoria, by 082 337 6127 of e-pos: Marianna.duPlessis@gmail.com

Versoek van die kerkkantoor

Johan Steyn word gevra om asseblief dringend vir Rentia te kontak by die kerkkantoor by 012 362 0069.

Werkgeleenthede

Indien u werk soek, kontak Chantelle by 079 205 7983. Sy het verskeie werkgeleenthede in die Hatfield- en Pretoria-omgewing.

Verblyf gesoek

Hennie v.d. Merwe is 54 jaar oud en op soek na verblyf. Dit moet veral 'n goedkoop kamer wees, iets in die lyn van 'n buitekamer. Kragtoevoer is nie belangrik nie. Hy kan nie veel betaal nie en leef tans net op SASA-pensioen en moet ook medikasie aanskaf wat nie by staatshospitale beskikbaar is nie. Dit kan in enige dorp of stad wees, kleinhoewe of plaas. Hy het 'n kode 14-lisensie en besit sy eie voertuig. Hy het ervaring as drywer en het ook 'n geruime tyd geboer. Kontak hom by 076 784 7432.

DISSIPELSKAPKAFEE

DATUM	ONDERWERP	GESPREKSLEIER
Aug 3	Agapé-vergadering	
10	Vakansie	
17	God is kreatief	Paul
24	God is onbeskryflik	Chris
31	God die musikus	Johannes Bingle
Sep 7	Agapé-vergadering	
14	Gebedskursus: Uit God: Gebed is 'n geskenk van God	
21	Deur God: Die rol van gebed in verdieping	
28	Tot God: Laat U koninkryk kom	
Okt 5	Vakansie	
12	Agapé-vergadering	
19	Ongemaklike genade: Waar is God in moeilike tye?	Pieter Harris
26	Hoe ondersteun ek medegelowiges in moeilike tye?	Pieter Harris
Nov 2	Agapé-vergadering	
9	Die missionale kerk: hoe lyk dit in sub-Sahara	Flip Buys
16	Wat is die vordering met die omkeerstrategie?	Griffel
23	Waarmee is God besig in Brooklyn? Skep, versoen en herskep	

ADVERTENSIES

WOONSTEL TE HUUR IN LYNNWOOD

Moderne twee-slaapkamerwoonstel te huur in sekuriteitsbuurt. Kompleks het ook uitstekende sekuriteit. Een badkamer met stort, toesluitmotorhuis plus afdak. Baie parkering vir besoekers. Naby WNNR en maklike toegang tot N1. Sowat 4km vanaf UP. R8 900 per maand. Beskikbaar 1 Augustus. Kontak Louis van Niekerk by 081 250 6508.

HEARING HUB OUDIOLOË

Ons bied gehoortoetse, gehoorapparate, gehoorbeskerming en spraakterapie vir jonk en oud. Skakel ons gerus by 012 346 0511 (Menlopark) of 012 997 1718 (Moreletapark). Ons sien uit om u te ontmoet.

HUISWERKER BESKIKBAAR

Kontak Talent Chimuti by 078 068 0056 as u op soek is na 'n betroubare huiswerker.

VUURMAAKHOUT

Droë sekelbos-braaihout: 50 sakkies of meer @ R13 per sak afgelewer. Skakel Peet Langley by 079 640 8855 of e-pos na peet.langley@lantic.net

MOTOR GESOEK

Indien iemand 'n goeie tweedehandse motor het om te verkoop, kontak asseblief vir Talent Chimuti by 078 068 0056.

WISKUNDE EN DUITSE TUTOR

BEd-eerstejaarstudent in Menslike Bewegingskunde en Sportbestuur tutor u kind tuis in die Lynnwood-, Menlopark- en Groenkloof-omgewing. Vakke: Wiskunde en Duits vir kinders tot graad 10. Koste: R100 per uur. Kontak Joanné Cunze by 073 125 2876.

ADVERTENSIEBLAD

Koste? Geen! • Hoekom? So kan ons mekaar ondersteun deur kennis te neem van produkte of dienste van medegelowiges. • Wat? Enige iets wat vir 'n medegelowige van waarde kan wees. • Formaat? Slegs teks, geen grafika nie, anders raak die e-pos te groot en stadig vir gewone telefoonlyne. • Waarheen? Stuur u advertensie na die kerkkantoor by: kantoor@gkbrooklyn.org.za Wanneer? Sommer nou. • Advertensies sal slegs drie weke geplaas word. Indien u dit weer geplaas wil hê, moet u die bewoording verander en weer instuur.

Kantoor

Rentia de Beer en Ela Mostert
Posbus 11168,
Hatfield, 0028
012 362 0069
086 639 1789 (Faks)

E-pos

kantoor@gkbrooklyn.org.za

WEBtuiste

www.gkbrooklyn.org.za

KONTAK ONS

Sondae *Administrasiehulp*

Anita Cilliers en Arnline Kuun
Sondae in die kerkkantoor
Musiekdirekteur – Duxburyweg:
Philip Loots 082 614 9415

Predikante verbonde aan die gemeente:

Fanie van der Schyff
(Hoofsaaklik lidmate bo 30jr)
012 348 2467
083 446 6096
fanie@gkbrooklyn.org.za

Chris de Beer
(Hoofsaaklik lidmate onder 30jr)
012 362 0320
082 758 3550
chris@gkbrooklyn.org.za

Fanus Heystek
(Troyestraat Christelike Sentrum)
012 542 3662
073 777 1254
fanusheystek@gmail.com

Reëlings

Datum	Plek	Diensbeurt	Kollekte	Skinkbeurt
16 Aug	Duxbury	**Ouderling** Gert Erasmus **Diaken** Drikus v.d. Walt	**Onder die diens** Diakonale werk **By die deure** Ekumenisiteit Geref. Jeug Buitelands	Elma
16 Aug	Troyestr			
23 Aug	Duxbury	**Ouderling** Gerrie Kirsten **Diaken** Elzabe Barnard	**Onder die diens** Diakonale werk **By die deure** Emeritaatsfonds	Soekie en Sanet
23 Aug	Troyestr	Hierdie dienste word deur die NG Kerk gereël.		

Baie dankie vir jou finansiële bydrae!

Met meer bydraes groei ons impak!
Bank: ABSA, Hatfield-tak
Takkode: 334 745,
Rekeningnommer: 540 340 110
Naam: Gereformeerde Kerk, Pretoria-Brooklyn.
Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam, voorletters en van as verwysing.
Baie dankie!
Bankbesonderhede: Diakonale kas
ABSA-tjekrekening, Diakonie Gereformeerde Kerk Brooklyn, rekeningnommer: 540 280 126 (Tak – Hatfield).